# Rustenburg Gemeenskapskerk

**21 NOVEMBER 2021**


Posbus / PO Box 20146
Protea Park 0305
www.rtbgkerk.org

Ds. Theo Möller - 066 270 3086
Ds. Ignatius Rademeyer – 071 675 5564
E-pos / E-mail: esta1@vodamail.co.za.
Registration number: MPC: PBO 930046902


**Sondag 21 November 2021**
**Erediens en Kleuterkerk: 09h00**
**Kategese + Belydenisklas10h00**



## God roep my: Wat beteken dit?



Kyk ons na die Bybel sien ons dat die Woord verskillende betekenisse het. Roeping het 'n eenvoudige betekenis – God roep en ek antwoord. Ongelukkig het baie mense dit 'n ingewikkelde teologiese begrip probeer maak. In die Ou Testament beteken roep ook om 'n naam te gee. So roep God vir Israel om sy volk te wees. Roep beteken dus nie net wees en doen wat ons reeds is nie. Dit beteken ook ons word wat ons nog nie is nie – Israel word God se volk. In die Nuwe Testament kry die woord nog 'n betekenis – amper sinoniem met verlossing. God roep mense na Homself om volgelinge van Jesus Christus te wees; Jesus Christus roep sy dissipels. God roep mense na Homself. Hy is egter so ontsagwekkend en sy oproep so gebiedend dat net een reaksie toepaslik is. As Jesus Christus sy dissipels roep, roep Hy hulle na Homself, maar ook na ander dinge – vrede, gemeenskap, die ewige lewe, lyding, diens, ens. Hy roep ons na 'n nog dieper dissipelskap. Roeping is 'n sentrale tema in die Bybel en word 'n metafoor vir 'n lewe van geloof. 'n Dissipel is iemand wat geroep is en bewandel dan die Weg. Ons word primêr na Iemand en nie na iets of iewers geroep nie. Sekondêr kan ek as geneesheer of onderwyser of boer geroep word. Natuurlik is hierdie sekondêre roeping belangrik, maar is altyd ondergeskik aan ons primêre roeping. Primêre en sekondêre roeping hoort bymekaar. Ons moet altyd seker maak dat die orde reg bly. Alle volgelinge van Jesus Christus leef oral en in alles volgens hulle roeping. Die groot gevaar is dat ons in hierdie proses die geestelike en sekulêre aspekte van ons lewe skei. Ons glo dan dat roeping tot monnikke, priesters, sendelinge, ens beperk is. Al die ander mense het nie 'n roeping nie, maar net 'n werk. Maar alles wat ons in geloof en tot verheerliking van God doen, is deel van ons roeping. Die onderwyser en fabriekswerker kan God se werk doen net soos die sendeling dit doen. Luther het gesê dat God glimlag as Hy sien dat 'n man 'n baba se doek omruil. Jesus was 'n timmerman; baie van die apostels was vissermanne; Paulus was 'n tentmaker. God se roeping kom na gewone, eenvoudige mense wat alledaagse take verrig.

## Verjaarsdae 21 - 27 Nov 2021

21-Lood Engelbrecht, Shaun Wagner
22-Shaumn Lottering, Amanda Pelser
23– Anje Dos Santos
Ray Dos Santos
Eileen van Niekerk
25-Kobus Swanepoel
27– Leoné de Jager

## Kenmerke en fokusareas van ons Kerk is die volgende:



1. Suiwer Woord-verkondiging
2. Gemeentlike same-komste in die erediens
3. 'n Groot verskeidenheid van musiek vir oud en jonk
4. Kenmekaar aktiwiteite deur middel van geselligehede na eredienste, omgeegroep-byeenkomste, die jaarlikse karnaval, verskeie werkgroepe, byeenkomste vir bejaardes (Eiebase) en vir die jeug vanaf 3 jarige ouderdom.
5. Goeie kommunikasie via Sondagbyeen-komste, omgeegroep byeenkomste, epos-se, sms'e en whatsapp's.
6. Gesonde finansiële bestuur met jaarlikse projekte soos die Buffelspoort Karnaval, Gospel Fees, Gholfdae, en ander finansiële inisiatiewe.
7. Be-trokkenheid en onderlinge verbondenheid rakende mekaar se lief en leed.
8. Bybelstudie geleenthede
9. Gasvryheid
10. Eer en gehoorsaamheid aan God

## Dankoffers

**Ons Kerk se:**
**- instandhouding**
**- groei**
**- hulpverlening**
**kom @ 'n prys. Kan jy asb. maandeliks help? Enige bedrag is welkom!**


- ☑ **EFT**
- ☑ **Stoporder**



## Bydraes tot Kerk en Barmhartigheid

Rustenburg Gemeenskapskerk
FNB
Tjekrekening: 62178931129
Takkode: 258055
Verwysing: Naam en van

## Teebeurte



Ons gaan Sondag weer koffie, tee en iets te ete bedien by die Kerk. Ons vra dat julle asb op die kalender sal kyk wanneer dit jou groep se beurt is.

21 Nov - Omgeegroep 6
28 Nov - 7+8
(Kerssangdiens)
5 Des - 3+10
(Finalejaars voorstelling en aaneming)



Boere-Droogtehulp: Die RGK bly hierby betrokke. Donasies altyd nodig

## Bid vir ons lidmate

| | | | |
|---|---|---|---|
| - Deon Barnard | - Ivy Swart | - Riëtte Mc Donald | - Frans Jacobs |
| - Daan Dercksen | - Sanette vd Walt | - Joey Dreyer | - Ciska Hopkins |
| - Lenie Opperman | - Peet Dique | - Miemie Nel | - Amanda Pelser |
| - Lien Pelser | - Isabel Mc Donald | - Lientjie Venter | - Jan Swart |